# Die DROOMGENOOT

## LENTE 2023

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*
*Ek glo dit gaan nog goed met almal end at niemand erg geraak is deur die langnaweek se storms nie.*

*Gepraat van storms – hoe hanteer mens die storms van die lewe? Sommiges sukkel maar net op hul eie daardeur, ander soek hulp, ander wend hul tot afhanklikheid van "goed". Hierdie "goed" kan soms die storm verbeter, maar in die meeste gevalle vererger dit die storm. As dit 'n afhanklikheid/hulp op 'n mediese of geestelike vlak is, dan sal die storm weer bedaar. Die probleem is dat hulp ook beskikbaar is in die vorm van dwelms, alkohol, ens. Dit is waar die groot probleem lê – vir 'n tydjie voel jy "on top of the world", maar dan val jy in die swartse van swart gate en dit raak mettertyd al dieper. En glo my – ons almal het maar storms om deur te werk – doen dit net met die regte hulp en op die regte manier, dan sal die reënboog daar wees en die son weer skyn!*

*Op 'n heel ander noot – ek glo en vertrou dat almal elke naweek regsit met Boktruie aan om ons Springbokke te ondersteun in die Rugby Wêreldbeker. Ek is seker die grootste Manie Libbok ondersteuner en is so bly dat "iets" gehelp het om hom die bal deur die pale te klits gedurende die Tonga-wedstryd. Go Bokke!!!*




*Groete*
*Lise Veldsman*
*Tel:* *082 776 2595*
*Faks:* *086 6133 804*
*E-pos:* *lise@droomriversdal.co.za*



*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*

# UIT DIE BAAS SE STOEL

Met die afhandeling van die herbouing van die beskadigde areas, is die uitstaande projekte weer opgeneem.

Daar is op ‘n ernstige noot begin met die uitbreek van die kombuis area, waarna vore vir die nuwe dreinstelsel gesny is. Terselfdertyd is die gasverskaffing nuut oorgebou sodat ons voldoen aan gaswette. Alle nuwe toerusting wat reeds in die vorige boekjaar goedgekeur was, word stuk stuk ingebou.

Ons nuwe Alzheimer-afdeling is byna voltooi en die eetkamer word heerlik gebruik. Die area is verfraai met ‘n prente uit inwoners se jeugjare, asook verwarmers en ‘n televisie. Tans is alle kunsgroepe op die dorp besig om panele te verf wat in die buite area teen die mure gaan opkom.

Vensters by Ou Meule word almal tans vervang met aluminium rame. Alle vensters in die siekeboeg gaan ook nuwe gordyne kry. Die twee gaste toilette word ook vernuwe.

Die mure aan die Alzheimer-kant word almal ook beveilig met “spikes”. Daar moet ‘n daadwerklike poging aangewend word om die negatiewe elemente uit te hou, veral jong kinders wat oor die mure klim en avokado’s steel.

Tans is ons in die proses om ons persele toe te rus met “inverters” en batterye. Daarna sal ons projekte loods om geld in te samel om dan saam met die jaarlikse begroting sonpanele op te sit. Mettertyd sal ons poog om krag terug te sit in die grid.

Om ons dienste by versorging te verbeter het ons nog ‘n Suster aangestel. Mettertyd sal die Alzheimer-afdeling sy eie opgeleide personeel hê.

‘n Nuwe 18kg wasmasjien is aangekoop vir die waskamer asook ‘n 10Kva “generator” vir die koel- en vrieskamers. As deel van ons voorkomende plan, is drie watertenke opgesit vir enige watertekorte wat mag plaasvind.

Groete
CJ Veldsman
Bestuurder



# VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

## GEHOORSAME OUERLEKKERTE –

Die ding dat ouers deesdae die kinders moet gehoorsaam het my al baie warm onder die kraag gehad, maar toe tref 'n gelukkie ons of dalk het ons die gelukkie getref. Dit maak nou nie saak nie, maar ewenwel, die kinders in Nederland laat weet ons toe hulle het vir ons vliegkaartjies gekoop en ons moet tasse pak. Nouja, dit maak ons toe vreugdevolle, dankbare gehoorsame ouers.

Toe Maryna se broer in Engeland daarvan hoor, is daar gereël dat ons daar ook 'n draai moes gaan maak. Dit was nou baie gaaf, want toe is daar geleentheid om te gaan kyk hoe gaan dit daar waar ek vir jarelank die Ingelse probeer mak maak het.

Kyk, as jy nou lekker wil kuier, gaan jy lank soek na 'n beter plek. Kom ek sê hoekom: Dis 'n klein landjie met 'n fenominale nasie. Wie anders kon die see tem om hulle land groter te maak, want 'n groot deel van die land is benede seevlak en daar waar dit eers see was, is daar nou stede, nywerhede en verstommende boerderye.
Dit bly 'n onvergeetlike belewenis om in 'n land te wees waar alles werk. Dis 'n waterryke, immergroen land met 'n bevolking wat voluit lewe. Op onderwysgebied is hulle al vir jare onder die top drie in die wêreld en vanjaar is aangekondig dat Nederlandse kinders die gelukkigstes ter wêreld is. Ja, en gemiddeld is die klomp die langste mense op aarde. Dis te verstane, want waar in die wêreld kan 'n mens lekkerder eet!
Die heel lekkerste was om bedags tot 20 Km per fiets tussen dorpies en plase deur te ry. Dis veilig, gelyk en van dorpie tot dorpie is daar gerieflike fietspaaie. Mense ry lag-lag tot 60 km werk of skool toe en terug. Maats ry oral in groepe van tot 30 na 'n buurdorp toe om te gaan roomys eet, of sommer net vir die lekker deur die woude.
Dit was dalk ons laaste kuier in Nederland, behalwe as die kinders ons weer verras en dan sal ons maar weer gehoorsaam wees.

Die kuiertjie in Engeland was kort en lekker. Ons was by twee koringmeulens en dit was baie besonders. Die reuse Heage-meule is die enigste windaangedrewe meul in die land wat nog koring met maalstene maal. Die Hather Sage-meule is nog groter en is die enigste meul wat nog maal, maar dis 'n watermeul in die Derwentrivier. Albei meulens dateer uit die Victoriaanse tydperk.

Ek het 'n baie interessante gesprek gevoer met 'n Engelse dame wat 98 jaar oud is. Dit was op straat en ek het 'n pet op gehad met die woorde "BOER in murg en been" daarop geborduur. Sy het my so staan en kyk een toe sê sy: You have an interesting cap. What does it say?" In my beste Engels sê ek toe: "It says I am a thoroughbred Boer!" "Oh,"seg sy, "then you should know about the Boor (Boer) War." Ek help haar toe reg en vra of sy van die Anglo Boer War praat. Ek wou nog sê dit was die Engelse Oorlog, soos my pa my geleer het. Sy trek toe haar oë op skrefies en sê: "My father fought in that war and he told me he was lucky to return home. He respected the "Boors" as worthy and brave soldiers." Ek sê toe vir haar: "No, they were not soldiers. The Boers were mostly farmers who fought for the freedom of their country."

Ek wou nog so baie vertel maar ek het daarmee volstaan. Ons het mekaar vir 'n ruk woordeloos aangekyk. Sy het haar klein handjie uitgesteek: "May I shake the hand of a "Boor", het sy gevra. Ons het hande gevat en gegroet - wetende dat dit vaarwel was.

Fluit, fluit my storie is uit!
Tot 'n volgende keer……………………..





## OPLEIDING EN SOSIALE AFDELING

Aan die begin van 'n nuwe seisoen gaan ek julle vertel wat ons alles die afgelope maande by die DROOM familie gedoen het.

- **Ons besoek die Oude Kelder restaurant.**

Ons het Julie-maand begin met 'n heerlike uitstappie na Oude Kelder Restaurant. 'n Nuwe restuarant met 'n heerlike plaaslike atmosfeer, gasvrye eienaars en kelners, lekker kos en goeie geselskap. Die inwoners van die Leefregwoonstelle het die restaurant baie geniet en dit was 'n gesellige geleentheid. Almal kon lekker gesels en stories vertel. Hulle het ook die geskenkies, biltong en gebak ondersteun en geniet. Die eienaars het dié wat op WhatsApp is se nommers geneem vir aflwerings.
**Daar was heerlike plaasbrood met ham, kaas en tamatie en gesondheidsbroodjies, asook heerlike vars koffie en tee.**










- **Ons pragtige omgewing met 'n goeie demonstrasie deur SSK van die canola.**

Na die gesellige kuier in die restaurant het ons die pad gevat om vir die inwoners die mooi geel canolalande te wys. Ons het by SSK Spiegelsrivier gestop en die inwoners laat voel aan die Canolaplant se saad. By die silo's het die personeel die hele proses verduidelik, vanaf die plant tot waar dit botter, olie en ander produkte word.









**Abundantlife by Jan Lange Tehuis.**

Ons het die voorreg gehad om 'n sendinggroep van oral uit Suid-Afrika, met die naam Abundantlife, te ontmoet. Hulle het Tehuis Jan Lange kom besoek op 24 Augustus 2023. Hulle het ons bederf met die Here se Woord, sang en gebed. Die inwoners het dit baie geniet en mens kon die Here se teenwoordigheid ervaar. Elke inwoner het 'n skoenlappervorm koekie ontvang. Baie dankie aan Abundantlife.





## Die inwoners van ons tehuise speel Jukskei teen mekaar.

Elke tweede Woensdag neem die inwoners van die twee tehuise en dié van die leefregwoonstelle deel aan speletjies. Een spesifieke Woensdag het ons inwoners Jukskei teen mekaar gespeel en dit was 'n heerlike sonskyndag. Ons inwoners het dit baie geniet en Tehuis Jan Lange het gewen. Die toeskouers het die spanne geesdriftig ondersteun. Almal het na die tyd 'n heerlike koue koeldrank saam geniet.





**Heerlike sonskyndag vir Jukskei**



**Loslitdag by Droom.**

Op Loslitdag op 1 September het ons bietjie gees gebou en die Lente verwelkom met hierdie jaar se Tema "Share a Smile". Ons het die kantoor, Tehuis Jan Lange en Tehuis Ou Meule versier met "smiley emoji's". Ons as kollegas het ook vir ons hemde laat maak om die dag te geniet en 'n glimlag op elkeen se gesig te sit.






**Inwoners het 'n glimlag cupcake ontvang en baie geniet.**











## Opleiding

Droom het die voorreg gehad om 14 studente te help om 'n droom te bewaarheid met versorging. Ons kon hulle oplei en evalueer vir hulle praktiese eksamen wat baie goed en professioneel afgeloop het. Ons wens hulle 'n mooi en goeie toekoms toe en glo hulle sal 'n sukses maak van hulle loopbaan.
Verder kry ons permanente- en aflosversorgers by DROOM deurlopend opleiding en werk ons daaraan om dit meer gereeld te doen.

Dankie aan ons gemeenskap, inwoners en personeel vir die afgelope seisoen. Dit is en was heerlik en saam met ons Hemelse Vader sal ons elke dag daarna streef om 'n goeie familie te wees.

Groete en liefde.

Cornell Malherbe



## HCBC Projek (Home Community Base Care)

Belangrike dae om in gedagte te hou:

SEPTEMBER:

- Servikalekanker bewusmakingsmaand
- Bewusmaking van prostaatkanker
- Nasionale mondhigiëne maand

01 September: Loslitdag
21 September: Wêreld Alzheimersdag
25 September: Wêreld Aptekersdag
24 September: Erfenisdag/Braaidag






OKTOBER:

- Oogsorg bewusmaking (21 September – 18 Oktober)
    - Vrouegesondheid – **borskanker bewusmaking**
    - Geestesgesondheid-bewusmakingsmaand

01 Oktober: Internasionale dag vir Ouer Persone




10 Oktober: Wêreld Geestesgesondheidsdag
12 Oktober: Wêreld Arthritisdag
29 Oktober: Wêreld beroertedag

NOVEMBER:

- Diabeet oogsiekte-maand
- Blaasgesondheidsmaand
- Rooilintweek

Rooilintweek is 'n geleentheid vir mense van alle ouderdomme om saam te kom en standpunt teen dwelmgebruik in te neem. Red Ribbon Week vind plaas vanaf 23 tot 31 Oktober 2023. Volgens die Red Ribbon se amptelike webwerf, "dien die Red Ribbon as 'n katalisator om gemeenskappe te mobiliseer om die jeug op te voed en deelname aan dwelmvoorkomingsaktiwiteite aan te moedig.

"Die 2023 Red Ribbon-veldtogtema: **'Wees vriendelik met jou verstand. Leef dwelmvry."**

14 November: Wêreld Diabetesdag
25 November–10 Desember: 16dae van aktivisme teen mishandeling van vroue en kinders.

DESEMBER:

- Velkankerbewusmakingsmaand

01 Desember: Wêreld VIGS dag
03 Desember: Internasionale dag vir persone met gestemdhede.

## Gedurende Droom se AJV wat op 6 September gehou is, is die volgende toekennings aan die HCBC-span toegeken:

Vir die 2022/2023 boekjaar het Mary Jacobs van Riversdal die toekenning vir volgehoue, onbaatsugtige diens ontvang – Die Ekstra Myl trofee. Mary het 01 Mei 2006 by die HCBC-span aangesluit en is in 2018 aangewys as "supervisor" oor die groep. Dirk Jooste, voorsitter van die Beheerraad, oorhandig die toekenning aan díe staatmaker, sy is uiters verantwoordelik en dra die hele span se belange op die hart.



Monica Jansen van die Riversdalspan ontvang die toekenning vir diens sonder om afwesig te wees tydens 6 jaar. Mariëtte van Vuuren, beheerraadslid, oorhandig haar toekenning. John-Lee Roberts, kon nie die AJV bywoon nie, ontvang die toekenning vir 3 jaar sonder afwesigheid.




Hayley Vaaltyn het die toekenning vir 15jaar diens gekry.



# VROUEDAG 2023 – ISH Projek (Integrated School Health)

## Wat is Nasionale Vrouedag?

Nasionale Vrouedag is 'n openbare vakansiedag in Suid-Afrika wat jaarliks op 9 Augustus plaasvind. Nasionale Vrouedag is ingestel as 'n vakansiedag om die 1956 Vroue Optog te herdenk en lig te skyn op die hindernisse wat vroue vandag steeds in die gesig staar in Suid-Afrika. Daar word gefokus om aandag te bring tot geslagsgeweld, toegang tot onderrig en vele meer kwessies wat vroue in Suid-Afrika affekteer. Dié dag is deel van Vrouemaand wat die hele Augustus gevier word.

## Hoe kan ek jongmense/leerders leer oor Nasionale Vrouedag?

Nasionale Vrouedag is 'n wonderlike geleentheid om gesprekke te begin met jong dames oor gelyke regte, kwessies wat vrouens in die gesig staar en hoe daar vandag steeds 'n impak gemaak kan word in ons gemeenskappe. Hierdie geleentheid is gebruik om leerders aan te moedig om enige vrae te vra wat hulle het oor die Vroue Optog in 1956, vroueregte, gelykheid en ander relevante onderwerpe.

Daar is ook met leerders gesels oor inspirerende vroue. Hierdie dag dien as inspirasie vir leerders om op te staan vir dit waarin hulle glo. Vrouedag se geskiedenis en die vroue wat aan die optog deelgeneem het, kan dien as inspirasie vir die volgende generasie om ook 'n verskil te maak.

Die HCBC-projek se ISH-afdeling het op 31 Augustus, in samewerking met Departement Gesondheid,  ‘n “High Tea” in Slangrivier aangebied vir die jong dames/leerders van die dorpie.



Dit was ‘n heuglike & geseënde oggend wat deur elkeen wat die funksie beplan en bygewoon het, terdeë geniet was.
Die HCBC-projek se personeel wat die funksie help beplan het is van links na regs: Marlene Hendricks (ISH gesondheidswerker), Desiree Kleynhans (gemeenskapswerker Slangrivier), Sr. Jo-Ann Louw (PN Departement Gesondheid) en Semanthia Pieters (gemeenskapswerker Slangrivier)




Droom HCBC-projek het 5 geskenkpakkies opgemaak wat deur middel van gelukkige trekking aan vyf van die leerders oorhandig is.



# TEHUIS JAN LANGE:  30 Augustus 1963–30 Augustus 2023



Ek deel graag 'n stukkie kosbare geskiedenis met die lesers rakende Tehuis Jan Lange se 60jarige bestaan. Die inligting is verkry uit die "Kerkkroniek van Riversdal 1839–1989"



Die 1ste aantekening wat ek kon kry in bg. boek was op 6 Februarie 1954 – Die onlangse gestigte Sustersvereniging begin werk in die rigting van die daarstelling van 'n "oumenstehuis" op Riversdal.
Op 2 Oktober van dieselfde jaar het die Kerkraad 'n kommissie benoem om in te gaan op die daarstelling van 'n tehuis vir bejaardes. Die volgende broers was deel van die kommissie: J.H. Stegmann, M.J. van Tonder, J.W. van Rensburg, C.C. de Necker, J.H. de Jager, C.J. Oosthuizen, W.H. van Noordwyk, B. Saayman, P.J. Gildenhuys, M.W. Theunissen en die 2 leeraars – Ds. P.W. de Lange en ds. J.H. Lange. Dit is ook in Desember 1954 dat die Kerkraad die voorstel aanvaar het dat Riversdal-Wes afstig.
Op 15 Oktober 1955, op voorstel van ds. P.W. de Lange besluit die Kerkraad op die oprigting van 'n ouetehuis. R30 000 sal oor 'n 40jaar termyn geleen word.
Ds. De Lange ontvang op 22 Maart 1957 demissie – hy het die eerste saad gesaai vir die oprigting van 'n tehuis vir bejaardes en díe saak sterk en positief bevorder in sy dienstyd.
Op 13 Februarie 1959 stig die Kerkraad 'n Nutsmaatskappy om die oprigting van die tehuis vir bejaardes te hanteer.
Tydens November 1962 neem die bouwerk van die tehuis vir bejaardes in aanvang. Die tender bedrag is R39 150.00.
Op 20 Augustus 1963 word Huis Jan Lange amptelik geopen.
Sedert ds. P.W. de Lange in 1953 met die eerste gedagte begin het, het 'n volle 10jaar verstryk. Veral di. P.W. de Lange en J.H. Lange het ernstig geywer vir die totstandkoming van die tehuis. Uit erkenning hiervoor is ds. Lange se naam dan ook aan die tehuis gekoppel. Mev. Bettie Hunz was die eerste matrone en beklee díe pos tot in 1967.

Op 1 Maart 1973 word Huis Ou Meule amptelik in gebruik geneem.





Droom was oor die 60jaar van tehuis Jan Lange se bestaan geseënd met verskeie dinge soos, gereelde inwonertal, goeie versorgers wat deurentyd ‘n warm bed en ‘n bord kos kon verskaf selfs aan diegene wat nie die volle losies kon bekostig nie.

Lente-groete




Melody Veldsman (HCBC Projek)



## UIT DIE VERPLEEGAFDELING

*So waar en tog so hartseer*…………………………………….

Die kinders het vir Pappie ouetehuis toe gevat. Dis ’n lekker plekkie het die kinders vir Pappie gesê. Die kamertjie is maar klein, maar ons sal Pappie se tafel voor die venstertjie sit dan kan Pappie sien hoe die karre onder in die strate ry. Die mense sê die kos is lekker. Boerekos met baie vleis. En Sondae is daar melktert nes Mammie dit gemaak het. Mos Pappie se gunsteling. En Pappie kan net bel en ons is daar vir Pappie. Die kleinspan sal ook kom, want hulle is so lief vir Pappie.

Voor die kateltjie in die hoek is ’n klein tafeltjie waarop Pappie sy bril en sy Bybeltjie kan sit as pappie die ligte afsit. Daar is ook ’n glasie vir water en een vir Pappie se tande. Ons wil mos hê Pappie moet gerieflik wees. Veilig in die arms van Jesus die soete slaap binneval. En sien Pappie daardie knoppie, as Pappie iets nodig het dan druk Pappie net die knoppie.

Nou sit Pappie voor die venstertjie. Elke dag. Pappie kyk vir die karre in die pad. Pappie se voete is toegewikkel in sagte pantoffels, want Pappie se voete moet warm bly. As Pappie nie vir die karre kyk nie, dan staar Pappie na die portrette teen die muur. Kleinjan en Sussie van Sarie en Janman van Fanie. Teen die ander muur vlieg drie ornamentele ganse in ’n skewe lyn dak toe.

Saans lê Pappie toegewikkel onder ’n donskombers, want Pappie moenie koud slaap nie. Dis net Pappie en die donkerte, die gedrup uit die toiletbak en Lelike Sannie langsaan se ewige geblêr uit haar transistortjie.

Sondag. Pappie sit voor die venstertjie. Al van vroemôre af. Die hyser se deure onder in die gang verraai kort-kort iemand in aantog. Voetstappe, kinderlaggies en grootmensstemme. Pappie hou sy oë op die deur, maar die voete hou verby. Die hyserdeure kraak weer oop. Voete en stemmetjies. Pappie se oë bly op die deur, maar die voete hou verby. Maar Pappie sit. Vandag is die dag. Dis Vadersdag! Die hyser gaan weer oop. Die voete kom nader en die deur gaan oop. Pappie sukkel orent maar val terug. Die verpleegster staan in die deur. Vir Pappie melktert gebring. Twee stukkies vandag my Oompie, want die kinders het gebel en gesê hulle wil hê Pappie moet Vadersdag geniet.

Moenie dink dat wat hier bo geskrywe staan, nie gebeur nie – dit gebeur wel. Dit is so hartseer



Die jaar staan amper weer einde se kant toe. Dit was 'n bitter baie koue winter die jaar. Menige inwoners van Riversdal het gesê hulle het nog nooit so koud gekry soos die jaar nie. Dit nogal van mense wat baie jare in Riversdal woonagtig is. Maar dan dink 'n mens weer, is dit nie omdat ons ouer owrd en die bloed dunner word dat ons so koud gekry het nie? Want dié slim mense sê dit was nie so 'n koue winter nie…. Wie moet ons nou glo. Al wat ek weet is dat dit vreeslik koud was! Die longontsteking en brongitis het maar kwaai onder die inwoners gesaai, ten spyte van die griepinspuitings wat toegedien was.

COVID is nou wel nie meer so op almal se lippe nie, maar ek het nou die dag weer gehoor daar is nou weer 'n nuwe variant wat sy kop uitgesteek het.

**Does EG.5 cause symptoms that are different from other coronavirus subvariants? Not so far. Like other Omicron strains, EG.5 tends to infect the upper respiratory tract, causing a runny nose, sore throat, and other cold-like symptoms, as opposed to lower respiratory tract symptoms,**

**The symptoms of Omicron variants can be noticed by the following signs:**

- **Headache, muscle ache, tiredness.**
- **Voice changes and phlegm appears.**
- **High fever 39°C.**
- **Chilly but sweating.**
- **Runny or stuffy nose.**
- **Dry itchy throat, cough.**
- **Sore throat, sharp pain in the throat when swallowing saliva.**

Daar is nog nie baie mense in Suid Afrika wat met hierdie nuwe variant gediagnoseer nie, maar dit moet mense nie fnuik nie. 'n Mens moet steeds paraat wees en die nodige voorsorg maatreëls onthou.

**DIE BELANGRIKSTE VOORKOMING IS INFEKSIEBEHEER**:

**Handewas en handontsmetting met saniteerder**

- Personeel en inwoners word aangemoedig om hulle hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes te was of om die hande met 'n alkoholbasis (ten minste 70% alkohol) te spuit.
- Hande moet gewas word sodra daar aan 'n persoon gevat is, na toilet gebruik, voor etes en veral as die persoon genies of gehoes het.
- Handsaniteerders is by alle ingange en uitgange geplaas, op alle skoonmaaktrollies, linnetrollies, asook in die eetsale. Die personeel en inwoners word aangemoedig om dit gereeld te gebruik.
- Kliniese personeel moet die volgende WHO se 5 "Moments for Hand hygiene" nakom;
  - Voordat 'n inwoner aangeraak word.
  - Voor enige aseptiese of skoon prosedures.
  - Nadat hulle blootgestel is aan enige liggaamlike uitskeiding.
  - Nadat hulle 'n inwoner hanteer het, en
  - Nadat hulle aan enige onmiddellike area van die inwoner geraak het.

- Dit werk die beste om jou hande met gewone seep en lopende water te was, want die virus word vernietig en van jou hande afgewas.

‘n Goeie voorbeeld is as jy enige verkoue simptome ervaar, dra ‘n masker. Dit beskerm nie net jouself nie, maar ook jou vriende, familie, kollegas ens. So kan ‘n mens enige verspreiding hok slaan**.**

**Wat moet ek doen indien ek moontlik met ‘n besmette persoon in aanraking kom?**

**Hou uself afgesonder en kontak u geneesheer telefonies.**
**Kontak: General Public Hotline: 0800 029 999**
**Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 16:00**

**Nuwe Personeel**

Ons heet Sr Elmarie Jordaan hartlik welkom by DROOM se versorgingsspan.



Sr Jordaan is oorspronklik van Robertson. Sy het in 1982 haar opleiding begin by Otto du Plessis en in 2003 by Netcare as Geregistreerde verpleegkundige gekwalifiseer. Sy is ook in beroepsgesondheid gekwalifiseer. Sy is lief vir die natuur, brei en lees.

**Sekretaressedag**

4 September was Sekretaressedag en DROOM het vir Debbie Adams, die siekeboeg sekretaresse, verras met ‘n pragtige ruiker. Ek wil net namens al die bestuur, verpleegpersoneel en inwoners vir Debbie hartlik bedank vir al die harde werk wat sy doen. Sy het altyd ‘n glimlag op haar gesig en is altyd bereid om almal te help.
Debbie het ook met die Algemene Jaarvergadering van DROOM die Bravo toekenning ontvang. Sy deel die toekenning met Warren Keizer van Onderhoud. Baie geluk aan beide van julle. Julle harde werk word raak gesien.

Debbie Adams




Met DROOM se Algemene Jaar vergadering het ons die “DRUG” (Diensbaarheid, Rentmeesterskap, Uitnemendheid en Geregtigheid) toekenning aan Assistentverpleegster Anna van der Spuy toegeken. Anna is in beheer by Jan Lange onder toesig van myself. Anna is waarlik ‘n juweel van ‘n mens. Al die bejaardes is baie lief vir haar. Die versorgers onder haar, kan haar enige tyd van die dag of nag skakel indien hulle haar nodig het, dan gaan Anna. Wat vir my net so belangrik is bo en behalwe haar goeie pasiëntsorg wat sy toepas, is har administratiewe werk, wat altyd 100% reg is. Dankie Anna dat ons altyd op jou kan staat maak.




Assistentverpleegster Anna van der Spuy

# World Alzheimer's Day 21 September 2023:

## The Stages of Alzheimer's Disease








**Wat is Alzheimerssiekte?**

Alzheimersiekte is die mees algemene vorm van die siektegroep bekend as demensie. Demensie beteken 'n progressiewe afname in die vermoë om te onthou, te dink en te redeneer. Dit kom dikwels by bejaardes voor, maar jonger mense kan ook aangetas word. Die uiterlike tekens van demensie kan veroorsaak word deur 'n hele aantal verskillende siektes wat kan inwerk op die brein – die geheue, dink- en redenaarorgaan.
Alzheimersiekte is een van hierdie breinsiektes.

**VERGELYKING TUSSEN 'N NORMALE EN ALZHEIMER BREIN**






# DEMENTIA

- Wat is Dementia?
- Groep simptome wat 'n negatiewe impak op die volgende het
  - GEHEUE
  - TAAL
  - PROBLEEM OPLOSSING
  - DENK VERMOË
  - KONSENTRASIE VERMOË
  - LOGIESE DENKE



# Nege Tipes Dementia

- Alzheimer se siekte
- Vaskulêre dementia
- Lewy body dementia
- Parkinson's
- Wernicke-Korsakoff (Alkohol dementia)
- Frontotemporale dementia
- Creutzfeldt-Jacob
- Huntington's siekte
- Veelvuldige dementia (persoon het meer as een tipe dementia)






# Vaskulêre Dementia


- Tweede algemeenste oorsaak van Dementia
- As gevolg van veelvuldige klein beroertes in die brein
- Soms gebeur die klein beroertes ongesiens en die persoon toon geen simptome soos swakheid, verlies van sig of dooie gevoel in ledemate nie
- Persone met hoë bloeddruk of hart siektes mag 'n risiko wees vir Vaskulêre Dementia wees

## LEWY BODY DEMENTIA




- Dié tipe dementia word veroorsaak deur die abnormale ophoping van sekere proteïene in die neurone van die brein.
- Die primêre tekens van Lewy body dementia is vergeetagtigheid asook tekens van kognitiewe agteruitgang. Hallusinasies kan ook voorkom wat baie werklik vir die persoon voel.
- Sommige persone ontwikkel ook simptome wat soos Parkinson's lyk, met tremore (erge bewerigheid) en stadige beweging


## PARKINSON'S SE SIEKTE




- Veroorsaak fisiese simptome eerste.
- Probleme met kognitiewe funksie, wat vergeetagtigheid en probleme met konsentrasie later mag insluit.

# PARKINSON'S SE SIEKTE






# KORSAKOFF SINDROOM (Alkohol Dementia)

**Korsakoff Sindroom**

- Presenteer in diegene met n lang geskiedenis van alkohol misbruik en daarom n tekort aan vitamien B12 ontwikkel.
- Breinselle kan nie normaal funksioneer nie en geheueverlies is die gevolg.
- Alhoewel dit in die algemeen voorkom in diegene wie alkohol afhanklik is, kan diegene wie aan chroniese wanvoeding ly ook geheueverlies ontwikkel

# STADIUMS VAN DEMENTIA




**Stadium 1**

Geen kognitiewe agteruit-gang

**Stadium 2**

- Ligte kognitiewe agteruit-gang

**Stadium 3**

- Matige kognitiewe agteruitgang bv. dementia aantasting met tye van geheueverlies, misplaas **daagliks items**

# STADIUMS VERVOLG

**Stadium 4**

- Matig na erge kognitiewe agteruitgang bv. swak **kort termyn geheue, vergeet persoonlike inligting en ondervind probleme met selfs elementêre berekening**(die stadium duur gewoonlik die langste)



# STADIUMS VERVOLG

**Stadium 5**

- Matig tot ernstige kognitiewe agter-uitgang bv. **toenemende probleme met beplanning, organisering, orientasie en, sal waarskynlik nie langer alleen kan bly nie.**

**Stadium 6**

- Ernstige kognitiewe agteruitgang bv. **ondervind probleme met herkenning van familie en vriende en geheueverlies neem toe**

# STADIUMS VERVOLG

**Stadium 7**

- Baie ernstige kognitiewe agteruitgang.
- Hierdie is die **finale stadium van dementia.**
- **Ligaamlike sisteme gaan agteruit, en kommunikasie is beperk.**



# TEKENS EN SIMPTOME IN DIE VROEë STADIUMS VAN DEMENTIA

**1. Geheue probleme**

Voorbeelde van die vroegste en bekendste tekens:

- A persoon mag glad nie enige onlangse gebeure onthou nie en/of verloor gereeld items soos sleutels en brille.
- Geheueverlies is dikwels die eerste en hoof simptoom van **Alzheimer's**
- Dit is ook teenwoordig in vroeë Vaskulêre dementia en Lewy body dementia.





# KENS EN SIMPTOME VERVOLG.

**2. Ondervind probleme om dinge deur te dink en beplanning te doen**

- Die persoon mag maklik deurmekaar raak en byvoorbeeld dit moeilik vind om te beplan, kompleks besluite te maak of probleme op te los m.b.t. Finansies ens.

**3. Taal en kommunikasie**

- Die persoon mag sukkel om die regte woord tydens gesprekvoering te vind of, kan nie die gesprek volg nie. Spraak kan ook geaffekteer wees indien die persoon 'n beroerte gehad het.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG



**4. Oriëntasie**

- ’n Persoon mag die vermoë verloor om eie omgewing te herken en sal verdwaal, selfs in ‘n plek wat bekend is.

**5. Visueel-perseptuele probleem**

- (afwyking in visuele persepsie verwys na die onvermoë om sin te maak van die informasie wat deur die oë ingeneem word.)
- Afwyking met visuele prosessering affekteer hoe visuele informasie interpreteer word deur die brein.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.

- Veroorsaak probleme met die skat van afstand - bv. met die gebruik van trappe.
- Kom meer gereeld voor in vroeë stadium van Alzheimers en Lewy body dementia as vaskulêre Dementia.
- Probleme met visuele persepsie verskil van visuele hallusinasies wat ‘n kenmerk is van Lewy body



# TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG .



6. Verandering in gemoed en emosies
   - Die persoon is meer angstig, bang of hartseer en gevolglik 'n risiko vir depressie.
   - Irritasie is ook meer algemeen - moontlik uit frustrasie oor verlore bevoegdheid – raak ook maklik ontsteld
   - Onttrek sosiaal, verloor belangstelling in mense en stokperdjies a.g.v. geen selfvertroue.
   - Verandering in gedrag is nie vreemd in vroeë dementia nie. Mag ook impulsief optree en empatie met ander verloor.
   - Opmerklike fisiese verandering op die stadium neig meer na die met Dementia met Lewy bodies, waar probleme met beweging dieselfde is as Parkinson's. Sou 'n persoon met vaskulêre of veelvuldige dementia ook 'n beroerte kry, kan dit ly tot swakheid van ledemate op een kant.



# KENS EN SIMPTOME VERVOLG.

**2. Ondervind probleme om dinge deur te dink en beplanning te doen**

- Die persoon mag maklik deurmekaar raak en byvoorbeeld dit moeilik vind om te beplan, kompleks besluite te maak of probleme op te los m.b.t. Finansies ens.

**3. Taal en kommunikasie**

- Die persoon mag sukkel om die regte woord tydens gesprekvoering te vind of, kan nie die gesprek volg nie. Spraak kan ook geaffekteer wees indien die persoon 'n beroerte gehad het.

# TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.



**4. Oriëntasie**

- 'n Persoon mag die vermoë verloor om eie omgewing te herken en sal verdwaal, selfs in 'n plek wat bekend is.

**5. Visueel-perseptuele probleem**

- (afwyking in visuele persepsie verwys na die onvermoë om sin te maak van die informasie wat deur die oë ingeneem word.)
- Afwyking met visuele prosessering affekteer hoe visuele informasie interpreteer word deur die brein.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.

- Veroorsaak probleme met die skat van afstand - bv. met die gebruik van trappe.
- Kom meer gereeld voor in vroeë stadium van Alzheimers en Lewy body dementia as vaskulêre Dementia.
- Probleme met visuele persepsie verskil van visuele hallusinasies wat ‘n kenmerk is van Lewy body



## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.



6. Verandering in gemoed en emosies
   - Die persoon is meer angstig, bang of hartseer en gevolglik ‘n risiko vir depressie.
   - Irritasie is ook meer algemeen - moontlik uit frustrasie oor verlore bevoegdheid – raak ook maklik ontsteld
   - Onttrek sosiaal, verloor belangstelling in mense en stokperdjies a.g.v. geen selfvertroue.
   - Verandering in gedrag is nie vreemd in vroeë dementia nie. Mag ook impulsief optree en empatie met ander verloor.
   - Opmerklike fisiese verandering op die stadium neig meer na die met Dementia met Lewy bodies, waar probleme met beweging dieselfde is as Parkinson’s. Sou ‘n persoon met vaskulêre of veelvuldige dementia ook ‘n beroerte kry, kan dit ly tot swakheid van ledemate op een kant.

# Middel stadium van dementia



**1. Simptome van middel stadium dementia**

- Bestaande probleme met geheue en denke sal erger word in die middel stadium.
- Herkenning van familie en vriende sal moeiliker raak. Mag bekendes as vreemdelinge aansien.
- Die onthou van nuwe inligting sal ook moeiliker raak. Dit mag veroorsaak dat die persoon dieselfde vrae oor en oor vra.

## Simptome van middel stadium vervolg.

2. Die manier waarop die persoon taal gebruik of praat sal waarskynlik swakker word.
   - Sal moontlik dit moeilik vind om die regte woord te vind en selfs ophou praat in die middel van 'n sin. Kan dit ook moeiliker vind om 'n gesprek te volg.




**Simptome in middel- stadium dementia - vervolg.**

**3. Probleme met oriëntasie raak ook ernstiger**

- Raak deurmekaar m.b.t. die tyd van die dag bv. sal opstaan in die middel van die nag en aantrek.
- Mag deurmekaar raak tov. plek en tyd, selfs in hul eie huis.



## Simptome middel-stadium dementia vervolg.



**4.** Simptome van apatie, depressie en angs sal waarskynlik voortgaan

**5.** In die stadium kan die persoon goed glo wat nie waar is nie **(delusies).** Hulle voel gereeld dat iemand hulle wil seermaak of 'n persoon nie vertrou kan word nie (paranoia).

- Dit is baie algemeen dat die persoon glo iemand steel hul besittings of hul eggenoot is ontrou.

## Simptome van middel-stadium dementia vervolg

6. **Persoon mag ook dinge begin hoor en sien wat nie daar is nie(hallusinasies).**
   - Dit is meer algemeen in die middel stadium van Alzheimer's as in vaskulêre dementia. (Visuele hallusinasies is 'n simptoom in vroeë stadium van dementia with Lewy bodies.



## Simptome van middel-stadium dementia vervolg.



- Verandering soos die verduidelik gedeeltelik hoekom 'n persoon sukkel met hul emosies.
- Mag maklik ontsteld, bang of kwaad raak– en vinnig van een na die ander emosie oorslaan.
- Dit mag 'n reaksie wees op die verlies van onafhanklikheid, die verkeerde interpretasie van 'n situasie of, frustrasie omdat hulle nie hul behoeftes bekend kan maak nie

## Gedrags verandering in middel - stadium dementia

**Algemene veranderings in alle tipes dementia in middel stadium sluit in:**

- **Agitasie en rusteloosheid** – bv. vroetel, op en af stap
- **Skree en fisiese aggressie toon**
- **Herhalende gedrag/bewegings** – bv. aanmekaar aan klere trek, 'n kledingstuk uitrafel of dieselfde vraag oor en oor vra
- **Aanhoudend 'n personeellid/versorger agtervolg** (trailing) of heeltyd kyk waar hulle is
- **Versteurde slaap patroon** – slaap word veral onderbreek in a persoon met dementia with Lewy bodies
- **Verloor inhibisies** – bv. onvanpaste goed sê en doen bv. uittrek in die openbaar



## Gedrags verandering in middel stadium dementia-vervolg.



- Persoon mag meer geagiteerd, aggressief of deurmekaar wees in die laat middag/skemer – staan as 'sundowning' bekend. Die gedrag is soms omdat die persoon 'n spesifieke, fisies of psigies behoefte het bv. honger of verveling wat nie vervul word nie

## Fisiese verandering in middel stadium dementia

- In alle tipes dementia, kan probleme met toilet gebruik in die stadium begin.
- In dementia met Lewy bodies, sal probleme met mobiliteit waarskynlik erger word
- 'n Persoon se stap raak stadiger en minder stabiel. Dit verhoog val risiko.



# Later stadium van dementia



- Persone sal in die stadium uiteindelik voltydse sorg benodig tov. daaglikse lewe soos bad, aantrek en etes.
- Ongeag die tipe dementia wat die persoon het, is hul gemiddelde lewens verwagting laer .
- ‘n Verskeidenheid simptome sal waarskynlik vir die persoon aansienlike uitdagings bied in die stadium maar, verandering in persepsie en fisiese probleme sal die opmerklikste wees.
- Teen die laat stadium van al die dementia tipes is die tekens almal baie dieselfde. Die later stadium van dementia is gewoonlik die kortste. Gemiddeld is dit twee jaar.

# Simptome van later-stadium dementia



1. **Geheue probleme**
   - Alle persone met later stadium dementia se kort termyn geheue sal ernstig ingekort wees.
   - Hulle sal dikwels dink dat hulle in ‘n jonger periode van hul lewe is. (bekend as ‘ time shifting ’).
   - Dit kan moeilike situasies veroorsaak bv., as hulle iemand wil sien of soek wie reeds dood is. So ook kan hulle nie meer familie, bekende plekke en alledaagse items herken nie.
   - ‘n Persoon mag ook nie meer hul eie beeld in ‘n spieël herken nie en bv. glo daar is iemand in die kamer.

# Simptome van later stadium dementia



**2. Probleme met taal**

- Indien ‘n persoon meer as een taal magtig is sal hulle na alle waarskynlikheid die taal wat later aangeleer is verloor.
- Uiteindelik sal hulle net hul moedertaal onthou maar selfs die sal later verlore raak of net uit ‘n paar woorde bestaan. Al hoe minder woorde sal in geheel verstaan word.
- In die stadium sal handgebare, gesig uitdrukking en liggaamstaal nog moontlik verstaan word. Hulle sal nie - verbale kommunikasie gebruik om hul emosies uit te druk nie bv., huil, aggressief optree.

# Simptome van later-stadium dementia

**3. Veranderings in gemoed, emosies en persepsie,**

- Verandering in gemoed bly teenwoordig in die stadium
- Depressie en apatie is besonders algemeen.
- Delusie en hallusinasies (veral sig en gehoor) bly die algemeenste simptome van die stadium
- Persone is nie altyd angstig nie maar dit kan sommige verandering in gedrag verduidelik omdat die persoon se persepsie van realiteit verander.
- Diegene in later stadium dementia reageer meer op sintuie soos proe, reuk en gevoel as woorde. Mag graag na musiek luister of geniet om teksture te voel– soos verskillende materiale.



# Simptome van later-fase dementia

4. **Verandering in gedrag:**

- Die verandering in gedrag tydens die middel fase kan ook in die later fase voorkom. Aggressiein die later fase van dementia is dikwels in weerstand van persoonlike sorg.



  - Die persoon slaan of stoot die versorger weg of skree op die versorger. Die rede hiervoor is dat die persoon met dementia bedreig, bang of deurmekaar voel.
  - Rusteloosheid is ook baie algemeen. Soms lyk dit asof die persoon iets of iemand soek.

# Simptome in later-fase dementia

**5. Fisiese uitdagings in die later fase van dementia**

- Die fisiese veranderings in die later fase van dementia is een van die redes hoekom die persoon meer ondersteuning nodig het tov. daaglikse lewe.

**Tydens die fase mag die persoon:**

- Stadiger, later skuifel skuifel en dan al minder stap uiteindelik sal hulle bed stoel/bed gebonde en dan, bedlêend raak.
- Risiko vir val sal toeneem.
- Gewig verloor omdat hul nie eet nie en sal gehelp/gevoer moet word.
- Probleme met sluk ondervind.
- Beheer oor liggaamlike funksie verloor en inkontinent raak – blaas en derm.
- Die afname in mobiliteit verhoog die risiko vir infeksies, drukseer en bloedklonte. Dit is ernstig en daarom moet die persoon ondersteun word om so lank as moontlik mobiel te bly.



**Tot 'n volgende keer….. wees lief vir jou naaste!**

**Sr Linda Botha**



# DROOMGENOOT

## Oktober 2023

Ek is van mening dat hoe ouer jy raak, hoe meer raak jy bewus van jou swakhede, maar terselfdertyd raak jy ook dieper bewus van jou afhanklikheid van God in jou lewe. Op die hoë ouderdom, is jy heel moontlik in die pylvak van jou lewe. Tesame hiermee is daar ‘n paar uitdagings wat jy vierkantig in die oë moet kyk. Die vraag is ook - hoe oorwin jy jou uitdagings?

1. Jy raak meer bewus van jou sterflikheid. Die voordeel hiervan is dat jy nou meer as ooit vantevore jou hulp en jou krag by die Here wat jou bron is soek. Jy besef dat jy nie instaat is om hierdie pad alleen te loop nie. Die Apostel Paulus se lewensuitkyk op ‘n hoër ouderdom was “Vir my is die lewe Christus, en die sterwe sal vir my wins wees.” (Fil 1: 21) Hy het sy lewe voluit geleef, maar het ook daarna uitgesien om heen te gaan en by die Here te wees. (2 Kor 5)
2. Jy raak ook nou meer bewus van jou afhanklikheid van andere om jou. Jy besef dat jy hulp en ondersteuning gaan nodig kry en daarom is dit nodig dat jy nie jouself terugtrek nie, maar juis nou uitreik en deel van ‘n groter gemeenskap word. Die Bybel is vol van die “mekaar-beginsels”. Ons is nie gemaak om alleen voort te ploeter op aarde nie, maar juis om betekenisvol ‘n verskil in mekaar se lewens te kan maak. Daarom spoor die Bybel ons aan om mekaar lief te hê, om mekaar se laste te dra en om vir mekaar te bid, onder andere. Dit is diè dinge wat sin en betekenis tot ons lewens voeg. Ons moet ontslae raak van die gedagte wat kan ander vir my doen en meer fokus op hoe kan ek vir iemand anders iets beteken.
3. Eensaamheid en isolasie in jou lewe kan ‘n groot uitdaging wees. In ‘n Tehuis opset, soos by DROOM, hoef u nie eensaam en alleen te wees nie, maar kan u die teenwoordigheid en geselskap van mense rondom u geniet. ‘n Positiewe ingesteldheid verander ook jou gemoed. As jy heeldag alleen in jou kamer tyd deurbring, hardloop jou gedagtes met jou op hol en dit is dan wanneer jy negatief en depressief begin raak. Die Bybel leer ons dat reg aan die begin toe God die mens geskape het, Hy gesien het dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie. Ons het ‘n behoefte aan samesyn. Oefen invloed uit op ander se lewens, maar laat ook toe dat ander ‘n verskil in jou lewe maak.
4. Afnemende gesondheid kan vir jou ‘n groot uitdaging raak. Dit is alombekend dat gesondheidskwessies kop uitsteek met hoë ouderdom. ‘n Naby verhouding met die Here help om hierdie tipe uitdagings beter te kan hanteer. Die Bybel leer ons dat die Here bekend staan as ons Groot Geneesheer. Hy het juis aan die kruishout kom sterf nie net vir ons sondes nie, maar ook vir ons siektes en krankhede. Jes 53: 5 ”En deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom”.
5. Die voordeel van refleksie en oorsig van jou lewe. Wanneer ‘n mens ouer geword het, het jy normaalweg meer tyd om te dink en te besin. Gebruik jou tyd effektief om ‘n dieper en sinvoller verhouding met God te bou. Jak 4: 8 “Nader tot God, en Hy sal tot julle nader”.


6. Fokus op jou nalatenskap en betekenisvolheid van jou lewe. Dis noodsaaklik vir elkeen om aan die einde van jou lewe vrede te ervaar dat jy 'n nalatenskap agterlaat. Jou lewe was nie verniet nie en jy het 'n verskil gemaak. Die wêreld is armer sonder jou as jy eendag nie meer hier is nie.

Ek moedig jou aan om die beste gebruik te maak van jou geleenthede in die lewe, nie moed te verloor nie, en selfs in die hoë ouderdom 'n verskil te maak in jou omgewing.

Met liefde en omgee.

Riaan Bernardo

Maatskaplike dienste & Geestelike versorging.



# DROOM se Algemene Jaarvergadering 2023

Heel aan die begin van die vergadering heet Riaan Bernardo almal welkom en stel vir ds Tertius Lamprecht aan die woord om die vergadering op 'n gepaste wyse te open.
Daarna kry Riaan weer 'n beurt, hierdie keer om dankie te sê.
DROOM se allergrootste dank gaan aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en troue sorg. DROOM waardeer ook elkeen wat op een of ander manier betrokke was en steeds is, by DROOM se wel-en-weë.

DROOM se Algemene Jaarvergadering is die tweede grootste gebeurtenis op DROOM se jaarlikse kalender – net die jaarlikse basaar is groter.
Teen hierdie tyd weet die personeel, inwoners en gemeenskap van Riversdal en omgewing al dat DROOM se jaarvergadering nie net 'n aand van baie praat en syfers is nie, maar dat dit elke keer 'n gesellige belewenis met baie pitkos is. Die gaskunstenaar is elke keer 'n groot aantrekkingskrag en almal wonder vooraf watter haas mnr Veldsman uit die hoed gaan trek.
'n Deel van die jaarvergadering se kennisgewing sê elke keer: "Kaartjies is gratis, maar geen kaartjie, geen toegang." DROOM se saal is nie groot nie en dit is elke keer 'n redelike stormloop om 'n kaartjie in die hande te kry.
Hierdie jaar was Melody en Michelle verantwoordelik vir die versiering van DROOM se saal en die tafels. Met 'n klein begroting het dié twee wondere verrig – die gaste kon aansit by mooi versierde tafels en lekker ontspan. Ja, lekker ontspan, want DROOM se Algemene Jaarvergadering is nooit 'n stywe affêre nie. Natuurlik was daar 'n glasie sjerrie om te help om die stywe litte en spiere te ontspan.
Daar was en is nog steeds 'n stukkie hartseer, want dit is al 'n jaar gelede dat DROOM as gevolg van 'n brand een van sy geliefde inwoners aan die dood moes afstaan.
Die lewe gaan aan, maar ons sal hom nooit vergeet nie.
Mnr Jooste, voorsitter van DROOM se beheerraad en voorsitter van die finansiële komitee lig die vergadering in oor die stand van DROOM se finansies. Die algemene verwagting is tog dat die brand DROOM se beplanning en vooruitgang erg sou benadeel, maar die teenoorgestelde is eintlik waar. Tehuis Ou Meule vertoon tans baie mooier as voor die brand. Heelwat van die projekte wat voor die brand beplan is, kon geïnkorporeer word by die herstelwerk wat na die brand deur die versekering gedoen is.
Mnr Veldsman, DROOM se hoofman, was na mnr Jooste aan die woord – ek weet nie of ek reg geluister het nie, maar vir my het dit geklink asof hy nogal opgewonde en trots is oor die stand van die tehuise, die woonstelle en die administratiewe gebou. Ek dink hy het eintlik 'n bietjie "gebrag". MAAR ons gun hom dit, want die afgelope bietjie meer as 'n jaar was spanningsvol vir almal by DROOM, MAAR na alles is dit tog die "hoofman" wat moet sorg dat die boeke klop. Mnr Veldsman mag maar opgewonde, trots en spoggerig wees – dit is 'n feit soos 'n koei – DROOM se terrein en geboue lyk goed.
Die Geheueversorgings-eenheid vorder goed – daar is nog net 'n paar dinge wat gedoen moet word voordat dié eenheid ten volle en volgens wetgewing kan funksioneer. Stafverpleegster Cornell Malherbe is aangestel om, onder andere, die personeel van die Geheueversorgings-eenheid op te lei om inwoners met verskillende vorms en stadiums van demensie te hanteer.
Al wat nou pla is beurtkrag, maar daar is reeds ver gevorder met die planne om beurtkrag te fnuik. Ons hoor van "generators", "inverters", "batteries" en "solar panels" – in Afrikaans is dit kragopwekkers, omskakelaars, batterye en sonpanele. Of

dit nou Afrikaans of Engels is, ek verstaan ewe min, MAAR al wat ek en ons almal weet is dat die hoofman en die beheerraad vol planne is. Planne wat gaan werk en so gou moontlik gaan sorg dat die hele DROOMfamilie nie meer verontrief sal word deur beurtkrag nie.

Die haas in die hoed was toe al die tyd mnr Anthony Noble – ja, dieselfde talentvolle, nederige man wat ons by verlede jaar se vergadering sprakeloos gehad het met sy skildertalent. Hierdie keer was hy daar met 'n eenvoudige pottebakkerswiel en weereens 'n wonderlike lewensles. Anthony het vir tannie Veronica Venter op haar tagtigste verjaardag deel gemaak van die les wat hy aan die vergadering oorgedra het. In kort kom sy boodskap daarop neer dat ons die Groot Pottebakker moet toelaat om ons te vorm en dat ons net Sy hulp moet vra as ons nie weet hoe om verder aan te gaan nie.

DROOM se jaarvergadering is 'n aand van baie hoogtepunte en volgende op die program was die toekennings, wat vir meeste ontvangers 'n groot verrassing was.

Die volgende personeellede ontvang toekennings vir jare ononderbroke diens:

10 jaar diens: Marieta Miggels en Rozelda Oosthuizen

15 jaar diens: Hayley Vaaltyn, 'n HCBC-werker.

25 jaar diens: Annelien Lawerlot

Vir geen siekteverlof ontvang John-Lee Roberts en Monica Jansen elk 'n toekenning – beide is HCBC-werkers.

Die Veldsman-trofee gaan aan Riaan Bernardo, en die ekstra-myl toekenning aan Mary Jacobs, 'n HCBC-werker.

Coreen Victor kry 'n goue toekenning en Debbie Adams en Warren Keizer bravo-toekennings.

Anna van der Spuy kry die DRUG-toekenning (Diensbaarheid, Rentmeesterskap, Uitnemendheid, Geregtigheid).

Inwoners van die Leefregwoonstelle, Jan en Susan Rossouw, kry 'n toekenning, hoofsaaklik vir hul vriendelikheid en behulpsaamheid.

Tienie Janse van Rensburg van Tehuis Jan Lange sorg vir die tehuis se tuine en daarvoor het hy 'n toekenning gekry.

Oom Johan Oosthuizen, hoofseun van die leefreg- en huurwoonstelle se inwoners en verteenwoordiger van die ander inwoners vra vir 'n spreekbeurt. Hy en die mense wat hy verteenwoordig wil dankie sê vir "alles" wat mnr Veldsman en die personeel vir hulle doen. Hulle waardeer elke verbetering wat aangebring word en elke uitstappie of geleentheid wat vir hulle gereël word.

Soos gewoonlik word die jaarvergadering afgesluit met lekker sop en verskillende soorte smere en brode. Saam met die tee en koffie was daar lekker peuselgoedjies. Amanda is splinternuut by Feedem, maar sy staan nie 'n tree terug vir haar voorgangers nie – saam met haar personeel sorg hulle dat niemand met 'n honger maag huiswaarts keer nie.

Mnr Veldsman, die beheerraad, DROOM se werknemers en al die inwoners, met ander woorde, die uitgebreide DROOMfamilie kan na so 'n aand van verslagdoening, vooruitbeplanning en gesellige samesyn rustig gaan slaap met die wete dat dieselfde God wat almal deur 'n paar moeilike jare gedra het steeds daar sal wees in die jare wat voorlê. Ons moet net Sy hulp vra ……………

**<u>AJV-Album</u>**










Sertifikaat vir
Volgehoue, Onbaatsugtige diens
Toegeken aan
Jan en Susan Rossouw


Veldsman Wisseltrofee
Top Presteerder





# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

**2023/2024-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs: | Mev A vd Berg |
| Personeel-beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële-beampte: | Mev MG Veldsman |
| Departementshoof: Maatskaplike Afdelings: | Mnr CJ Bernardo |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk<br>Suster M Michaels<br>Suster E Jordaan |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto<br>Stafverpleegster A Fortuin |
| Sosiale Koördineerder/Versorger Opleiding: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Koördineerder Onderhoud: | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad): | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder geregistreerde verpleegkundige: | Sr J Slimmert |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |
| Geregistreerde Verpleegkundige – Wellness | Carlo Muller |

**Etekaartjies:**

| | |
|---|---|
| Weeketes: | R55,00 |
| Sondagetes: | R65,00 |
| Spesiale etes: | Prys sal verskaf word by navraag. |

**Gastekamer:** Tarief sal verskaf word by navraag
**Respytsorg:** Tarief sal verskaf word by navraag